# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

SAPPA

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Die Vestiging van Pekanneute

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Aangesien pekanneute ’n besondere lang produksie lewe van ’n 100 jaar plus het, is dit noodsaaklik dat produsente genoeg tyd sal spandeer aan beplanning van nuwe aanplantings.

***„‘n Goed beplande, georganiseerde boord sal bewys meer doeltreffend te wees, minder insette vereis en ’n groter potensiële opbrengs bied.”***

# Boord Uitleg.

- Rye moet verkieslik in 'n Noord – Suidelike rigting geplant word, vir goeie sonlig-penetrasie binne die boord.
- Spasiëring tussen bome en tussen rye moet wyd genoeg wees om sonlig effektief te benut.
- Met die aanlê van 'n boord moet reeds aandag aan spasiëring gegee word, vir wanneer verdigting na ongeveer agt jaar problematies sal wees.
- Deur die regte beplanning sal die boer 'n keuse hê om
  1. elke alternatiewe boom in die ry uit te haal of
  2. die boord meganies te snoei.





# Plant Metodes By Pekanneute In Praktyk

# Voorbereiding van Plantgate.

Die doelwit met die voorbereiding  van plantgate is om ’n groeimeduim in die onmiddelike omgewing van die wortelsone te skep, waarin die  wortels goeie grondkontak sal hê en die plant die beste kans het om in sy nuwe omgewing te oorleef.

As gevolg van hoë arbeidskostes maak boere gebruik van o.a. meganiese toerusting om plantgate te maak.



Die 30cm & 50cm Grondboor.

Beide hierdie implemente word gebruik om gate tot ‘n diepte van 900 mm tot 1200 mm in diep ongelaagde gronde te boor.

Die wande van gate word daarna hoekig gesteek om die smeerlaag op te breek en om wortel verspreiding van die jong plant te bevorder.

# Meganiese Slootgrawer

’n Robuuste werktuig wat effektief in meeste grond-tipes gebruik kan word.






- Pekanneute word ook op groot skaal in bestaande wingerdblokke geplant, wat aan die einde van hul produksielewe kom en binne die volgende 4 of 5 jaar vervang sal word.
- Die gate kan met behulp van arbeiders gemaak word, of met ’n meganiese slootgrawer wat op ‘n boordtrekker gemonteer is om in beperkte ruimtes te funksioneer.




- Waar groot aanplantings gedoen word, is dit nodig om meeste aksies te meganiseer om die panttyd te beperk.




# Voorbereiding van Plantgate

Dit is 'n goeie praktyk om reeds gedurende die winter plantgate (A) van ± 1000mm x 1000mm by 1000mm diep te maak.

Plantgat (A) word weer toegegooi en plantgat (B) van 300 x 300 x 800 mm word gemaak en bome daarin geplant.

Wanneer die wortelboompies van die kwekery af ontvang word

***Dit verskaf tyd vir organiese materiaal om af te breek en verhoed 'n stikstof negatiewe periode wanneer die jong boompie geplant word.***

# Die Plant Van Pekanneutbome.

**Daar moet op die volgende gedurende die plantproses gelet word :**


1. Dat die bome tot dieselfde diepte geplant word as wat dit in die kwekery gestaan het. Dit kan gewoonlik waargeneem word as 'n kleurverandering op die bas van die boom. (***Sommige kwekers maak 'n merk as aanduiding van plantdiepte op die stam.)***

4. Dat grond wat na die eerste besproeiing afgesak het, direk daarna opgevul word tot effens bo die plantmerk.

2. Dit is van kritieke belang dat die boom nie te diep geplant word nie. Wanneer dit gebeur, kan die wortels afsterf asgevolg van 'n gebrek aan suurstof, wat lei tot stres of dood van die boom.

3. Dit is noodsaaklik dat jong bome voldoende water kry met plant en geen vogspanning daarna moet hê nie. **Droogtestres is een van die grootste oorsake van sterftes van jong pekanbome.**




Plant merk
1000 mm
600 mm



# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

# Fotografie, Grafiese Ontwerp en Redigering:

Wollie Burger

Spesiale erkenning en dank aan Alvin Archer en Johan Coetzee vir tegniese raad.

Wollie Burger Sel: 083 303 7762
E-pos: wollieburgr@lantic.net

SAPPA